NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en sub-eksaminatore, van wie almal 'n standaardiseringsvergadering moet bywoon om te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word in die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen besprekings of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Daar word erken dat daar verskillende sienings oor sommige sake van klem of detail in die riglyne kan wees. Dit word ook erken dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2024

AFDELING A INDIVIDUELE BRONONTLEDING

VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING

1.1 *Gebruik jou geskiedeniskennis om die doel van die Waarheid-en-versoeningskommissie te beskryf. Gee TWEE punte.*
[VLAK 1]

- Om die waarheid oor wat gebeur het, te ontbloot en almal bewus te maak van die verlede.
- Die blootstelling van die waarheid sou lei tot nasionale versoening.
- Om die oorsake en omvang van menseregteskendings onder apartheid tussen 1960 en 1994 te ondersoek.
- Om vergoeding vir slagoffers aan te beveel.
- Om onder sekere voorwaardes amnestie aan oortreders te verleen.

[TWEE geldige punte]

1.2 *Noem die posisie wat biskop Tutu in die WVK beklee het.*
[VLAK 1]

- Voorsitter

1.3 1.3.1 *Hoe sal jy biskop Tutu se reaksie op wat hy hoor, beskryf? Verwys na TWEE visuele leidrade in die foto wat jou antwoord ondersteun.*
[VLAK 2 en VLAK 4]

- Hartseer
- Wanhoop
- Ongeloof
- Smart
- Angs

LEIDRADE:
- Geboë hoof
- Albei hande bedek sy gesig

[2 punte vir die beskrywing + 2 punte elk vir TWEE geldige leidrade]

1.3.2 *Gebruik jou geskiedeniskennis om EEN voorbeeld te gee van enige saak wat deur die WVK aangehoor is.*
[VLAK 1 en VLAK 3]

- Getuienis van oortreders van gruweldade wat beskryf het wat hulle aan mense gedoen het en hoe daar van hul oorskot ontslae geraak is.
- Getuienis oor die lewens van aktiviste wat deelgeneem het aan die stryd teen die apartheidsregime.
- Getuienis van aktiviste se families oor hul wedervaringe nadat hul geliefdes beseer is of verdwyn het.

[ENIGE TWEE geldige punte]

IEB Copyright © 2024

1.4 1.4.1 *Gee 'n toepaslike opskrif vir die foto as dit in 'n Nasionale Party-koerant sou verskyn.*
[VLAK 4]

"Dit is hoekom die verlede tot die verlede behoort …"

1.4.2 *Gee 'n toepaslike opskrif vir die foto as dit in 'n ANC-koerant sou verskyn.*
[VLAK 4]

"Die impak van die gruwels van apartheid …"
[Enige toepaslike opskrif wat die bevooroordeeldheid van die koerant uitbeeld]

1.5 *Noem EEN beperking van HIERDIE foto.*
[VLAK 2]

- Vang slegs een spesifieke oomblik van hartseer vas, wat dalk nie verteenwoordigend van al die reaksies by die verhore was nie.
- Die fotograaf se bedoeling is onbekend – hy het dalk vir 'n spesifieke oomblik gewag om 'n bepaalde gesogte beeld vas te vang – politieke agenda?
- Hierdie spesifieke reaksie het geen konteks nie – kykers verstaan moontlik nie die emosies wat in die beeld vasgevang is, ten volle nie.

[EEN toepaslike beperking]

VRAAG 2 TEKSTUELE BRONONTLEDING

2.1 *Watter posisie het Kasavubu van 1960 tot 1965 in die Kongo beklee?*
[VLAK 1]

- President

2.2 *Gebruik die bron om te verduidelik hoe die verhouding tussen Kasavubu en Lumumba was. Verskaf EEN bewys uit paragraaf 1 om jou antwoord te staaf.*
[VLAK 4]

Beskrywing:
- Vyandig
- Aggressief
- Gespanne
- Venynig

Bewys:
- Hulle het albei vir kolonel Mobutu gekontak en hom beveel om die ander een te arresteer, wat op mededinging en afkeur tussen hulle dui.

[2 punte vir 'n akkurate beskrywing van die verhouding en 2 punte vir 'n bewysstuk wat ooreenstem]

IEB Copyright © 2024

2.3 2.3.1 *Waarom wou kolonel Mobutu Lumumba "uit die prentjie" hê? Gebruik jou geskiedeniskennis om die vraag te beantwoord.*
[VLAK 1 en 2]

- Mobutu wou geen politieke teenstanders hê nie.
- Hy wou die leier van die Kongo wees, gevolglik moes Lumumba uit die prentjie wees.

[EEN geldige rede]

2.3.2 *Gebruik die bron en verduidelik hoekom Moise Tshombe ook vir Lumumba "uit die prentjie" wou hê.*
[VLAK 2]

- Moise Tshombe "het hom beskuldig van die blokkering van die afskeidingsrepubliek en die gevolglike stamgevegte wat soveel dood veroorsaak het …"

[EEN geldige rede uit bron]

2.4 *Hoe akkuraat is dit om te beweer dat buitelandse magte 'n sleutelrol gespeel het om Lumumba as 'n politieke bedreiging uit te skakel? Verskaf DRIE bewyse uit die bron om jou gevolgtrekking te staaf.*
[VLAK 6]

- **Baie akkuraat**
- "… Die **Belge** was aktief besig om Lumumba se sluipmoord te beplan …"
- "… die **Amerikaners** was in die mees gevorderde stadiums van voorbereiding, gereed vir aksie wanneer Larry Devlin ook al wou …"
- "… Die **CIA** het alreeds vir hom 'n flessie gif gestuur om in Lumumba se kos of tandepasta te glip …"
- "… President **Eisenhower** is ingelig en die plan is afgeteken …"

[2 punte vir standpunt + 2 punte elk vir DRIE bewysstukke]

2.5 *Gee EEN woord uit paragraaf 2 wat verwys na 'n poging deur mense in 'n spesifieke gebied om weg te breek van die land waartoe hulle behoort.*
[VLAK 2]

- Afskeidingsrepubliek

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

3.1 *Die skrywer verwys na "wonde ... laat oopgaan het" deur die vrylating van Walus. Hoe het Chris Hani se familie op die nuus van sy vrylating gereageer? Verduidelik die rede vir hierdie reaksie.*
[VLAK 3]

Beskrywing:
- woede
- skok
- ongeloof
- ontsteltenis
- minagting
- veragting
- verontwaardiging
- vrees
- haat

Verduideliking:
- Dit was 'n man wat voor die einde van sy lewe uit die tronk gekom het en een van die ikone van die anti-apartheidstryd en 'n geliefde familielid vermoor het.

[2 punte vir 'n beskrywing van die reaksie en 2 punte vir 'n verduideliking]

3.2 *Waarom het Walus Chris Hani vermoor, volgens paragraaf 2? Verskaf TWEE punte.*
[VLAK 2]

- Wou die demokratiese proses tot stilstand bring: "… het gepoog om die demokratiese projek op die mees kritieke, vormende tydstip te ontspoor …"
- Wou SA op die pad plaas na "… chaos, burgerlike twis en bloedverlies …"

[TWEE geldige redes]

3.3 *Gebruik jou geskiedeniskennis en verduidelik wat die skrywer bedoel as hy sê dat Chris Hani se sluipmoord op 'n "mees kritieke formatiewe tydstip" in Suid-Afrika se geskiedenis gekom het.*
[VLAK 4]

- Suid-Afrika was in die finale stadium van voorbereiding vir sy eerste demokratiese verkiesing.
- Die ANC en die NP het pas ingestem om onderhandelings te hervat, nadat hulle 'n rekord van verstandhouding onderteken het na 'n lang tydperk van geen onderhandelinge nadat CODESA II misluk het.
- Die vordering wat gemaak is, is onmiddellik deur sy optrede bedreig.

[TWEE goeie punte, wat beklemtoon dat die daad op 'n deurslag-gewende stadium van die proses gepleeg is]

IEB Copyright © 2024

3.4 *Hoe regverdig die Minister van Justisie Walus se vrylating? (Paragraaf 3) Gee TWEE punte.*
[VLAK 2]

- Dit is deel van 'n proses om gevangenes te hervorm
- Die regstelsel bied parool as deel van 'n vonnis
- Deur nie die wet toe te pas nie, kan beskou word as om iemand sy vryheid arbitrêr te ontsê

[TWEE geldige punte]

3.5 *Die skrywer verwys na hoe "... die geïnspireerde leierskap van ons land se stigters en die vasberadenheid van die mense van Suid-Afrika ..." (Paragraaf 2) Suid-Afrika gered het om na die sluipmoord in chaos te verval.*

Gebruik jou geskiedeniskennis en verduidelik hoe Nelson Mandela se optrede kort ná die sluipmoord by die beskrywing hierbo pas.
[VLAK 3]

- Mandela het 'n beroep op kalmte gedoen en die nasie daaraan herinner dat 'n Afrikanervrou bewys gelewer het wat gelei het tot die inhegtenisneming van die moordenaars.
- Dit het geïnspireerde leierskap en staatsmanskap van sy kant getoon, aangesien hy besef het dat die alternatief die land sou verdeel en tot groter bloedvergieting lei.

[TWEE geldige punte]

IEB Copyright © 2024

AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

Bestudeer die bronne wat in die Bronboekie vervat is en beantwoord dan die vrae wat volg:

Bestudeer Bron A

4. *Gebruik die bron en verduidelik watter impak die beelde wat tydens die Tet-offensief uit Viëtnam gekom het op die Amerikaanse publiek se persepsie van die oorlog gehad het. Skryf DRIE punte.*
[VLAK 2]

- Die grafiese beelde van die gruwels van die oorlog het baie mense geskok.
- Die vyand se veerkragtigheid was verbasend.
- Hierdie beelde het dit duidelik gemaak dat 'n Amerikaanse oorwinning in Viëtnam nie op hande was nie.
- Die Amerikaanse publiek se steun vir die oorlog het begin taan.

[DRIE akkurate bewysstukke om die impak aan te dui]

5. *Hoe belangrik was die Amerikaanse publiek se groeiende anti-oorlog sentiment in die besluit om die Viëtnam-oorlog na die Tet-offensief te de-eskaleer? Verskaf TWEE bewyse uit die bron om jou antwoord te staaf.*
[VLAK 6]

- Die Amerikaanse publiek se toenemende anti-oorlog sentiment het 'n **beduidende rol** gespeel in die besluit om na die Tet Offensief te de-eskaleer.
- President Lyndon B. Johnson en ander leiers het kennis geneem van die toenemende anti-oorlog sentiment op tuisbodem en het besluit om te de-eskaleer eerder as om meer troepe Viëtnam toe te stuur.
- Hierdie besluit is geneem ten spyte van die Amerikaanse generaals se versoek om meer troepe by die bestaande 500 000 troepe in Viëtnam te voeg.
- Die publiek se teenkanting teen die oorlog was 'n deurslaggewende faktor in die besluit om bomaanvalle te staak en met de-eskalasie te begin.

[2 punte vir die rol + 4 punte vir TWEE bewysstukke wat die rol ondersteun]

6. *Soek 'n woord in paragraaf 1 wat verwys na mense wat 'n stelsel van sosiale organisasie ondersteun waarin alle eiendom deur die gemeenskap besit word en elke persoon bydra en ontvang volgens hul vermoëns en behoeftes.*
[VLAK 2]

- Kommuniste

IEB Copyright © 2024

Bestudeer Bron B

7. *Is dit 'n primêre of 'n sekondêre bron?*
[VLAK 2]

- Primêre

8. *Noem TWEE beperkings van spotprente as historiese bewyse.*
[VLAK 1]

- Politieke spotprente is nie altyd akkurate of onbevooroordeelde voorstellings van die geskiedenis nie.
- Dit kan beïnvloed word deur die politieke, sosiale, en kulturele konteks waarin dit geskep is.
- Dit weerspieël dalk nie altyd die sienings van die meeste mense op daardie tydstip nie.
- Historiese spotprente word dikwels met 'n spesifieke agenda in gedagte geskep, en hulle skeppers het dalk opsetlik sekere gebeurtenisse of mense vir hul eie doeleindes verwring of oordryf – hulle mag dalk bevooroordeeld en subjektief wees.
- Gevolglik beeld hulle moontlik nie historiese gebeure of figure akkuraat uit nie.
- Historiese spotprente word dikwels vir 'n spesifieke gehoor op 'n spesifieke tydstip geskep en kan 'n sekere vlak van kennis of kulturele konteks veronderstel wat nie langer bestaan nie, gevolglik kan moderne kykers dalk nie die boodskap of betekenis van die spotprent ten volle verstaan sonder bykomende inligting nie.
- Historiese spotprente kan feitefoute of onakkuraathede bevat, veral as dit geskep is in 'n tyd toe inligting skaars of moeilik verifieerbaar was.
- Historiese spotprente kan slegs 'n eng blik op historiese gebeure werp, en mag dalk nie die volle reeks perspektiewe of ervarings van die betrokke mense vasvang nie.
- Historiese spotprente benodig interpretasie deur historici om hul betekenis en implikasie ten volle te verstaan – hierdie interpretasie kan beïnvloed word deur die historikus se eie vooroordele en perspektief, wat kan lei tot potensiële waninterpretasies of wanvoorstellings van die spotprent se boodskap.

[ENIGE TWEE geldige beperkings]

9. 9.1 *Hoe toon die spotprenttekenaar dat die soldate die betogers hardhandig hanteer het? Verwys in jou antwoord na TWEE leidrade in die spotprent.*
[VLAK 2]

- Groot geweer in die hand
- Byskrif: bespot die soldaat se reaksie deur hom uit te beeld wat sê dat die betogers "stokke en klippe" gehad het, sodat hulle moes reageer – dit beklemtoon dus die hardhandige optrede.

[TWEE korrekte leidrade uit die spotprent]

IEB Copyright © 2024

9.2 *Hoe reageer "Uncle Sam" op die nuus van die skietvoorvalle? Ondersteun jou antwoord met EEN visuele leidraad uit die spotprent.* **[VLAK 2 en VLAK 4]**

- Met hartseer
- Geboë hoof
- Hartseer uitdrukking op sy gesig

[2 punte vir beskrywing + 2 punte vir 'n leidraad uit die spotprent]

9.3 *Gebruik jou geskiedeniskennis en gee EEN rede waarom die Kent State-skietery 'n keerpunt in die openbare persepsie van die Viëtnam-oorlog was.* **[VLAK 4]**

- Die Kent State-skietery het anti-oorlog sentimente en betogings regoor die land laat toeneem.
- Baie mense wat voorheen teenstrydige gevoelens gehad het of geswyg het oor die oorlog, het meer aktief geraak in hul opposisie.
- Die voorval het gelei tot toenemende kritiek op die Nixon-administrasie en sy hantering van die oorlog en binnelandse onenigheid.
- Baie mense het die skietery beskou as 'n bewys van die regering se bereidwilligheid om onenigheid met geweld te onderdruk.
- Die voorval het die nasie verder volgens politieke oortuigings verdeel.
- Die media het 'n beduidende rol in die vorming van die openbare mening gespeel deur beelde en stories van die voorval uit te saai – die grafiese aard van die beelde het bygedra tot die publiek se emosionele reaksie.
- Die skietery het tot 'n nasionale dialoog oor die reg om te protesteer, vryheid van spraak, en die toepaslike gebruik van geweld deur owerhede teen burgers gelei.
- Die Kent State-skietery het 'n weerstandsimbool en 'n raakpunt vir anti-oorlog aktiviste geword.
- Die voorval het bygedra tot 'n verskuiwing in die openbare mening oor die Viëtnam-oorlog – dit het die breër gevoel van ontnugtering en wantroue teenoor die regering se hantering van binnelandse en buitelandse kwessies beklemtoon.

[ENIGE redelike antwoord]

IEB Copyright © 2024

9.4 *Gebruik jou geskiedeniskennis en gee TWEE redes waarom so baie Amerikaners teen 1970 teen die Viëtnam-oorlog gekant was.*

- Die oorlog is as 'n duur en onnodige konflik beskou wat nie die nasionale veiligheid van die Verenigde State direk geraak het nie.
- Baie Amerikaners het gedink dat hul land nie by 'n oorlog betrokke moes wees wat so ver plaasvind nie, veral omdat daar geen duidelike doel of einddoel was nie.
- Daar was morele besware teen die oorlog.
- Die konflik is deur baie mense as 'n skending van menseregte beskou, aangesien die Amerikaanse weermag gewelddadige taktieke soos napalm en Agent Orange gebruik het, en gruweldade soos die My Lai-slagting gepleeg het.
- Diensplig was nog 'n belangrike faktor in die teenkanting teen die oorlog – baie Amerikaners het diensplig as onregverdig en onnodig bestempel – baie welgestelde Amerikaners kon diensplig ontduik deur mediese vrystelling of deur by 'n universiteit in te skryf.

[ENIGE TWEE geldige redes]

Bestudeer Bron C

10. *Gebruik Bron C om te sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR neer. (Geen verduideliking is nodig nie)*
[VLAK 2]

10.1 *President Nixon het 'n rol gespeel in die poging om die Viëtnam-oorlog te beëindig.*

Waar

10.2 *Nixon se raadgewers het 'n kombinasie van geweld en diplomasie gebruik om die oorlog te probeer beëindig.*

Waar

10.3 *Die Kongres van die Verenigde State was ook verantwoordelik vir die fasilitering van die beëindiging van die oorlog in Viëtnam deur befondsing aan Suid-Viëtnam te staak.*

Waar

10.4 *Noord-Viëtnamese amptenare het geen rol gespeel in die poging om die Viëtnam-oorlog te beëindig nie.*

Onwaar

10.5 *Die woord "regime" in die bron verwys na die regering.*

Waar

IEB Copyright © 2024

Bestudeer Bron D

11. *In watter mate toon die foto dat die anti-oorlogprotes doeltreffend was? Verduidelik.*
[VLAK 6]

- **In 'n groot mate/in 'n mate**
- Die betogers het die hele snelweg suksesvol vir verkeer versper.
- Die betoging het 'n massiewe reaksie van die regering ontlok deur die ontplooiing van swaargewapende onlustepolisie; dit sou onnodig gewees het as die betogers nie doeltreffend in hul optrede was nie.
- Hulle het ten minste die aandag effektief op hul saak gevestig deur 'n snelweg tot stilstand te bring.

[2 punte vir standpunt + 4 punte vir TWEE bewyse gebaseer op bewyse in die foto]

12. *Kan historici betroubaar uit hierdie foto aflei dat anti-oorlogprotes doeltreffend kon gewees het om die regering te oorreed om stappe te neem om die Viëtnam-oorlog te beëindig? Verduidelik.*
[VLAK 6]

- **In 'n mate, ja**
- As 'n groot aantal betogers 'n hele snelweg tot stilstand kan dwing soos blyk uit die foto, en groot getalle troepe nodig is om hulle te beheer.
- Sodanige optrede op 'n aantal verskillende plekke in die VSA deur groot getalle studente kon dalk effektief gewees het om die regering te oortuig dat die Amerikaanse bevolking nie meer die oorlog in Viëtnam ondersteun nie en dat die VSA inderdaad daaruit moet onttrek.

[2 punte vir standpunt + 2 punte vir 'n verduideliking wat met die standpunt ooreenstem]

13. *Noem TWEE waardes van foto's as historiese bronne.*
[VLAK 1]

- Foto's verskaf visuele bewyse van die verlede, en vang mense, gebeure, en plekke vas wat andersins met tyd verlore sou gaan.
- Dit kan 'n toonvenster bied op hoe die lewe gedurende 'n bepaalde era was en kan historici help om die verlede te rekonstrueer.
- Foto's word dikwels as meer outentieke en betroubare bronne van inligting beskou as geskrewe rekords, wat bevooroordeeld kan wees of gemanipuleer kan word.
- Die beeld self is konkrete bewys van wat bestaan het, en die konteks waarin dit geneem is, kan ook leidrade tot die egtheid daarvan verskaf.
- Foto's kan besonderhede oor die kulturele en sosiale konteks van 'n bepaalde tyd en plek openbaar.
- Hulle kan byvoorbeeld klere, argitektuur en tegnologie vaslê wat historici kan help om te verstaan hoe mense geleef en gewerk het.
- Foto's kan ook oomblikke van herinnering en emosie vasvang wat moeilik is om in geskrewe rekords oor te dra.
- Die emosies wat in 'n foto vasgevang word, kan historici help om die sielkundige impak van historiese gebeure te verstaan en hoe mense daarop gereageer het.

[ENIGE TWEE korrekte punte]

IEB Copyright © 2024

Bestudeer Bron E

14. 14.1 *Verskaf TWEE punte wat verduidelik waarom hierdie bron betroubaar is vir historici wat die impak van anti-oorlogprotes navors.*
[VLAK 6]

- Dit is geskryf deur 'n gerekende historikus, wat uitgebreide navorsing gedoen en sy bevindings met 'n uitgebreide, verifieerbare bibliografie, gepubliseer het.
- Geskiedkundiges streef na objektiwiteit en vermy dit om 'n bevooroordeelde of eensydige siening van 'n onderwerp aan te bied – hulle moet bewyse en argumente op 'n gebalanseerde en regverdige wyse aanbied.

[Enige twee geldige punte]

14.2 *Verskaf TWEE aanhalings wat toon dat die protes deur anti-oorlog aktiviste by Kent State Universiteit 'n impak op president Nixon se optrede gehad het.*
[VLAK 2]

- "… president Nixon [het] taktiese maatreëls getref om die betogers te paai …"
- "… Hy het invalle in Kambodja tot nie meer as 35 kilometer binne die grens beperk …"
- "… Hy het ook die veldtog tot 'n maksimum van twee maande beperk …"

[ENIGE TWEE toepaslike aanhalings]

14.3 *Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat probeer vasstel watter impak anti-oorlogprotes in die VSA gehad het op die soldate wat in die Viëtnam-oorlog geveg het. Gee EEN verduideliking.*
[VLAK 6]

- Die bron is nuttig deurdat dit bewys lewer van hoe Amerikaanse soldate woedend oor die oorlog was en geweier het om bevele te gehoorsaam, sowel as muitery en drostery – dit toon impak.

[EEN geldige verduideliking wat bruikbaarheid toon]

IEB Copyright © 2024

14.4 (a) *Was die Amerikaanse weermag in Viëtnam deur die betogings in die VSA geraak, volgens die bron? [eenwoordantwoord]*
[VLAK 2]

JA

(b) *Verskaf TWEE bewyse uit die teks wat jou antwoord in Vraag 14.4 (a) ondersteun.*
[VLAK 2]

- "… meer as 500 Amerikaanse soldate [het] daagliks gedros …"
- "… In Suid-Viëtnam het al die troepe van sommige eenhede van die Amerikaanse weermag in opstand gekom, en direkte bevele om Kambodja binne te val, verontagsaam ..."
- "… Baie soldate het geïmproviseerde swart armbande aan hul gevegsuniforms geheg, tekens van rou vir die studente-slagoffers …"
- "… party troepe het botweg verklaar dat hulle van voorneme was om nie meer gevegsbevele in Viëtnam te gehoorsaam nie …"

[TWEE geldige punte, parafraseer of aangehaal]

Bestudeer Bron F

15. *Gebruik die bron om te beskryf hoe die media en wetgewers in die VSA 'n rol gespeel het om Amerika se betrokkenheid in Viëtnam te probeer beëindig. Gee TWEE punte*.
[VLAK 2 en VLAK 4]

- "… Vooraanstaande nuusverslaggewers en televisiekommentators het hul sienings oor Amerika se beleid in Viëtnam bekend gemaak …"
- "… die gerespekteerde *New York Times* het gedurende 1967 begin om vir 'n staking van die bombardement en die begin van vredesonder-handelinge te vra ..."
- "… wetgewers het hul politieke toekoms op die spel geplaas deur president Johnson se Viëtnam-beleid teen te staan …"
- "… die standpunt van Senator J. William Fulbright was veral belangrik. In 1964 … het hy sy ontevredenheid met die president se beleid getoon deur indringende bevraagtekening van administrasie-raadgewers …"

[TWEE relevante punte – kandidate mag aanhalings gebruik, maar die betekenis moet duidelik wees en die antwoord moet voldoende "beskryf" soos die vraag vra]

IEB Copyright © 2024

16. 16.1 *Hoe suksesvol was lede van die Johnson-administrasie om die president te oorreed om die Viëtnam-oorlog te beëindig, volgens hierdie bron? Verduidelik deur gebruik te maak van bewyse uit die bron.*
[VLAK 6]

- **Baie suksesvol/meestal suksesvol**
  - Nadat president Johnson na verskeie van sy kabinet-sekretarisse geluister het, het hy "geswig" en aangekondig dat hy 'n beperking op die Amerikaanse troepe-verbintenis plaas terwyl "die Suid-Viëtnamese voorberei het om hul eie verdediging oor te neem".

[2 punte vir standpunt + 2 punte vir stawing]

16.2 *Watter een van president Johnson se raadgewers het waarskynlik die belangrikste rol gespeel om hom te oorreed om aan die Viëtnam-oorlog te onttrek, volgens die bron?*
[VLAK 4]

Minister van Verdediging/Sekretaris McNamara

Bestudeer Bron G

17. *Gebruik die bron om te verduidelik hoe hierdie skrywer die impak van die anti-oorlog protes in die VSA beskou. Gee TWEE punte.*
[VLAK 2 en VLAK 4]

- Sy siening is dat daar geen konkrete bewyse bestaan dat betogings teen die Viëtnam-oorlog die oorlog inderdaad verkort het nie.
- Die skrywer maak gebruik van syfers van die aantal Amerikaanse soldate wat in Viëtnam gesneuwel het om aan te toon dat die oorlog heeltemal te lank aangehou het – met ander woorde, as die oorlog kort was, sou daar nie so baie ongevalle gewees het nie.

[ENIGE TWEE geldige punte]

Bestudeer Bron H

18. *Verskaf EEN aanhaling wat toon dat die publiek se mening oor die Viëtnam-oorlog, verander deur die media, die regering suksesvol onder druk geplaas het om in Viëtnam van koers te verander.*
[VLAK 2]

- "… Namate nuusberigte al hoe meer negatief geword het, het die openbare mening die regering daartoe gedwing om troepe-ontplooiing af te skaal en gevolglik 'n aanpassing van Amerika se beleid in Viëtnam af te dwing …"

IEB Copyright © 2024

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

VRAAG 19

Gebruik Bronne A tot H in die Bronboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:

In watter mate was anti-oorlog betogers in die VSA verantwoordelik vir die beëindiging van die Viëtnam-oorlog?

Maak seker dat jy die bronne wat verskaf word, gebruik om jou argument saam te stel en onthou om die bronne per letter te erken.

- Kandidate kan argumenteer dat betogers teen die Viëtnam-oorlog **in 'n MEERDERE MATE** verantwoordelik was vir die beëindiging van die Viëtnam-oorlog, veral na die Tet-offensief in Viëtnam wat Amerikaanse troepe verras het en ná die Kent State-skietery in 1970, wat gelei het tot 'n drastiese toename in protesgetalle. Toenemende getalle staatsoldate was nodig om studenteprotes op universiteitskampusse en elders te stuit. Die Amerikaanse publiek het vele skokkende beelde aanskou wat die afgryse van die oorlog duidelik getoon het, en die feit dat die Verenigde State nie besig was om die stryd te wen nie; gevolglik het hul steun vir die oorlogspoging begin afneem. **In 'n MINDERE MATE** was ander mense verantwoordelik: President Johnson het self troepebeperkings en 'n staking van bomaanvalle aangekondig, sowel as 'n proses om die oorlog te de-eskaleer. President Nixon wou ook die oorlog beëindig; hy het sy eie geopolitieke redes gehad en was besig met intense diplomasie met die president van Suid-Viëtnam om 'n skikking te probeer bewerkstellig. Sy onderhandelings het ingesluit om Noord-Viëtnam se sleutelpolitici by onderhandelings te probeer betrek. Die Verenigde State se Kongres het ook 'n rol gespeel om die Viëtnam-oorlog te probeer beëindig deur hulp aan die Suid-Viëtnamese op te skort. Verder het adviseurs binne president Nixon se kabinet geweldige druk op hom geplaas om optrede te verhaas wat die Viëtnam-oorlog sou beëindig.

OF

- Kandidate kan argumenteer dat betogers teen die Viëtnam-oorlog **in 'n MINDERE MATE** verantwoordelik was vir die beëindiging van die Viëtnam-oorlog. Ander mense was verantwoordelik: President Johnson het self troepebeperkings en 'n staking van bomaanvalle aangekondig, sowel as 'n proses om die oorlog te de-eskaleer. President Nixon wou ook die oorlog beëindig; hy het sy eie geopolitieke redes gehad en was besig met intense diplomasie met die president van Suid-Viëtnam om 'n skikking te probeer bewerkstellig. Sy onderhandelinge het ingesluit om Noord-Viëtnam se sleutelpolitici by onderhandelinge te probeer betrek. Die Verenigde State se Kongres het ook 'n rol gespeel om die Viëtnam-oorlog te probeer beëindig deur hulp aan die Suid-Viëtnamese op te skort. Verder het adviseurs binne president Nixon se kabinet geweldige druk op hom geplaas om optrede te verhaas wat die Viëtnam-oorlog sou beëindig. Betogers teen die Viëtnam-oorlog was **in 'n MEERDERE MATE** verantwoordelik vir die beëindiging van die Viëtnam-oorlog, veral ná die Tet-offensief in Viëtnam wat Amerikaanse troepe verras het en ná die Kent State-skietery in 1970, wat gelei het tot 'n drastiese toename in protesgetalle. Toenemende getalle staatsoldate was nodig om studenteprotes op universiteitskampusse en elders te stuit. Die Amerikaanse publiek het vele skokkende beelde aanskou wat die afgryse van die oorlog duidelik getoon het en die feit dat die Verenigde State nie besig was om die stryd te wen nie; gevolglik het hul steun vir die oorlogspoging begin afneem.

IEB Copyright © 2024

Anti-Viëtnam-Oorlog betogers verantwoordelik	**ANDER verantwoordelik**
Sleutelwoorde: Meerdere/Mindere mate	**Sleutelwoorde: Meerdere/Mindere mate**
A – Amerikaners verloor vertroue in hul regering en die oorlog: "… Die skokkende beelde wat uit Viëtnam gekom het, het die gruwels van die oorlog duidelik getoon, en baie mense was geskok deur die vyand se veerkragtigheid …" **wat waarskynlik tot meer protes gelei het, en 'n voorloper van verdere protes was**. "… president Lyndon B. Johnson en ander leiers, **wat kennis geneem het van die groeiende anti-oorlog sentiment tuis**, het verkies om die teenoorgestelde te doen. Troepebeperkings is aangekondig, en bomaanvalle is gestaak. De-eskalering het begin ..."	**A – President Lyndon**, **B Johnson – en ander leiers – was verantwoordelik vir hul eie dade en besluite**, kon betogings geïgnoreer het, maar troepebeperkings is aangekondig, en bomaanvalle is gestaak. De-eskalering het begin ...
B – Die VSA as geheel – baie Amerikaners was ontsteld oor die skietery by Kent en die regering het genoeg steun verloor om sy optrede te eskaleer om die oorlog te beëindig.	
	C – Ander het 'n rol gespeel om die oorlog te beëindig, soos president Nixon en Henry Kissinger, "… het in Januarie 1969 besef dat deel van hul mandaat was om die oorlog op een of ander manier te beëindig …" "… en hulle wou dit ook vir hul eie geopolitiese redes doen …" "… Teen laat 1969 het die Nixon-span op 'n nuwe benadering besluit, wat geleidelike onttrekking, tydelike beskerming van die Suid-Viëtnamese president Nguyen Van Thieu se regime, …" "… en intense diplomasie gekombineer het om hierdie elemente in 'n onderhandelde skikking te verskans …" "… Die Nixon-administrasie se flankeerdery met die Noorde se sleutel-beskermhere het intussen vrugte afgewerp …" **Kongres het 'n rol gespeel:** "… Dit is waar dat die Kongres Amerikaanse bedrywighede ingekort het en hulp aan die Suide besnoei het, en hierdie skuiwe het inderdaad die uiteindelike Noordelike oorwinning gefasiliteer …" "… in Junie 1973 het die Kongres beveel dat alle Amerikaanse militêre operasies in Indochina teen die einde van die somer gestaak moes word …"

IEB Copyright © 2024

	"… Die Kongres het ook Amerikaanse hulp aan Saigon van ongeveer $2.3 miljard in 1973 tot ongeveer $1 miljard in 1974, en daarna, nog verder gesnoei …" **Kissinger en sy Noord-Viëtnamese ampsgenoot**: "… het 'n konsepooreenkoms uitgewerk wat gevra het vir die onttrekking van die oorblywende Amerikaanse troepe en die terugkeer van Amerikaanse krygsgevangenes …"
D – Die anti-Viëtnam-oorlogbetogers het duidelik die getalle en die mag gehad om ten minste dele van 'n stad tot stilstand te dwing, soos op die foto getoon. Die hele snelweg staan stil en minstens dertig staatsoldate was nodig om hulle te konfronteer en hulle uitmekaar te dryf, **wat toon dat hulle impak gehad het en 'n rol gespeel het in die bewusmaking van die oorlog**. Die betogings sou dwarsoor die Verenigde State op foto's soos hierdie gesien word.	
E – opgetree slegs in reaksie op die betoging: "… In die nasleep van Kent State het president Nixon taktiese maatreëls getref om die betogers te paai. Hy het invalle in Kambodja tot nie meer as 35 kilometer binne die grens beperk. Hy het ook die veldtog tot 'n maksimum van twee maande beperk …"	**E – kon gewees het** "… In die nasleep van Kent State het **president Nixon** taktiese maatreëls getref om die betogers te paai "… maar hy kon die protes geïgnoreer het. Hy het beslissende stappe geneem om die oorlog te beëindig."
F – Martin Luther King Junior het sy stem aan die betoging verleen.	**F – Martin Luther King Junior het sy stem aan die betoging verleen** **So ook** "… **Vooraanstaande nuusverslaggewers en televisie-kommentators** het hul sienings oor Amerika se beleid in Viëtnam bekend gemaak, en die gerespekteerde ***New York Times*** …" "… **wetgewers** het hul politieke toekoms op die spel geplaas deur president Johnson se Viëtnam-beleid teen te staan …" "… **In die Johnson-administrasie** self was daar 'n groeiende onderstroming van twyfel …" Senior sekretarisse was teen die oorlog gekant, soos **McNamara**.

IEB Copyright © 2024

	G – "… alhoewel die Viëtnam-betogings die gevare van die oproep tot krygsdiens verminder het**, is daar feitlik geen bewyse dat dit die oorlog verkort het nie** …" **Die aantal gesneuweldes het mettertyd aansienlik toegeneem tot 58 000 Amerikaanse gesneuweldes.**
H – "… Namate nuusberigte al hoe meer negatief geword het, **het die openbare mening die regering daartoe gedwing** om troepe-ontplooiing af te skaal en gevolglik 'n aanpassing van Amerika se beleid in Viëtnam af te dwing …"	**H – Die media het 'n sleutelrol gespeel in die beëindiging van die oorlog – sonder hulle sou Amerikaners dalk nie geweet het van die omvang van die tragedie nie.**

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2024

GENERIESE RUBRIEK VIR BRONGEBASEERDE OPSTEL

	Argument + fokus	Gebruik van bronne	Teen-argument (T/A)	Struktuur + styl	Hoofindruk
7+ **90–100%** **45–50**	Neem 'n standpunt in. Hou standpunt deurgaans vol. Behou duidelike en konsekwente fokus. Verstaan alle aspekte van die vraag. Skakel bronne en vraag baie goed aaneen.	Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Gebruik besonderhede uit die bronne om argument en teenargument te staaf. Haal selektief aan waar toepaslik.	Bespreek T/A volledig. Erken T/A in inleiding en slot. Skakel T/A deurgaans met hoof-argument.	Kort inleiding en slot wat daarop fokus om die vraag te beantwoord. Gebruik paragrawe. Uitdrukkings-vermoë vlot.	Opstel is logies, samehangend en bondig. Dit toon uitstekende historiese insig en begrip.
7 **80–89%** **40–44**	Neem 'n standpunt in. Hou standpunt vol, met geringe dwalings wat nie afbreuk doen aan die begrip of fokus nie. Skakel bronne en vraag goed aaneen.	Soos hierbo.	Soos hierbo.	Soos hierbo.	Opstel is duidelik en akkuraat, alhoewel die styl nie altyd bondig is nie. Dit toon baie goeie historiese insig en begrip.
6 **70–79%** **35–39**	Neem 'n standpunt in. Fokus op die vraag, maar mag enkele dwalings in fokus of bedoelde fokus hê wat van die argument afwyk. Skakel bronne en vraag aaneen.	Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Gebruik besonderhede uit die bronne, maar daar is soms leemtes of geringe afwykings in bewyslewering. Haal selektief aan waar toepaslik.	Identifiseer T/A.	Inleiding en slot wat daarop fokus om die vraag te beantwoord. Gebruik paragrawe. Uitdrukkings-vermoë bevredigend.	Opstel is 'n goeie poging, maar diepte ontbreek dalk. Dit is oor die algemeen vloeiend, maar beperkte herhaling kom voor. Enkele beperkings in historiese insig en begrip kom voor.
5 **60–69%** **30–34**	Poog om 'n standpunt in te neem. Leemtes in fokus of gebruik bygevoegde/ geïmpliseerde fokus. Argument is nie konsekwent nie, of opper-vlakkig. Toon geringe bewys dat bronne en vraag aaneenskakel.	Gebruik die meeste bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Beskryf of parafraseer bronne eerder as om inligting daaruit te gebruik. Gebruik te veel lang aanhalings uit die bronne.	Identifiseer T/A, maar nie volledig nie. Laat sommige aspekte van T/A uit.	Inleiding en gevolgtrekking teenwoordig, maar gebrekkig. Uitdrukkings-vermoë bevredigend.	Opstel poog om die vraag te beantwoord, maar is nie deurgaans vloeiend en akkuraat nie. Dit toon basiese insig, maar met beperkte historiese begrip.

IEB Copyright © 2024

4 **50–59%** **25–29**	Neem swak standpunt in. Gebruik bygevoegde/ geïmpliseerde fokus. Wend 'n swak poging aan om bronne en vraag aaneen te skakel.	Laat 2 of 3 bronne uit. Beskryf of lys bronne eerder as om inligting daaruit toepaslik te gebruik. Gebruik ontoepaslike of te lang aanhalings. Bondel bronne saam.	Identifiseer T/A op basiese vlak.	Swak inleiding en slot. Inleiding OF slot ontbreek. Strukturele probleme (bv. gebrek aan paragrawe.) Uitdrukkingsvermoë bevredigend.	Opstel toon oppervlakkige begrip van vraag. Daar is min bewys van historiese begrip en insig.
3 **40–49%** **20–24**	Wend 'n powere poging aan om standpunt in te neem. Weinig poging om te fokus. Toon beperkte begrip van argument. Bevat onjuisthede. Leemtes in argument. Poog onsuksesvol om bronne en vraag aaneen te skakel.	Gebruik slegs die helfte van die bronne. Het swak begrip van bronne. Gebruik weinig toepaslike aanhalings.	Het geen T/A nie of dit is oorvereenvoudig.	Strukturele probleme. Inleiding en/of slot ontbreek. Uitdrukkingsvermoë swak.	Opstel is moeilik om te lees of die argument is moeilik om te volg. Dit toon 'n gebrek aan begrip van die vraag, of hoe om die bronne te gebruik om die vraag te beantwoord.
2 **30–39%** **15–19**	Wend geen poging aan om standpunt in te neem nie. Fokus nie op vraag nie. Nie in staat om bronne en vraag aaneen te skakel nie.	Gebruik baie min bronne. Het 'n baie swak begrip van bronne.	Soos hierbo.	Strukturele probleme. Uitdrukkingsvermoë baie beperk.	Opstel toon geen begrip van historiese kwessies soos in die bronne aangetref nie. Dit toon weinig begrip, maar kandidaat poog om sommige inligting in die bronne te gebruik.
1 **0–29%** **0–14**	Wend geen poging aan om te fokus nie. Verstaan die vraag glad nie.	Gebruik slegs een of geen bronne nie. Skynbaar nie in staat om relevante bronne te gebruik nie.	Geen T/A nie.	Strukturele probleme. Uitdrukkingsvermoë uiters beperk.	Opstel toon uiters gebrekkige begrip van bronne of van vraag, of hoe die twee aaneenskakel.

- Lys bronne – gebruik bronne alfabeties eerder as om dit te groepeer ter ondersteuning van die argument of teenargument
  [bv. Bron A toon …; Bron B beweer …; Volgens Bron C ...; In Bron D … ens.]
- Bondel bronne saam – gebruik verskeie bronne gelyktydig eerder as afsonderlik, en impliseer daarmee dat almal dieselfde ding sê [bv. Bronne A, C, F en H].

IEB Copyright © 2024